NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368,
Pretoria 0001;
Swaanstraat 129,
East Lynne,
Pretoria 0186;
www.nhka.org

8 Maart 2024

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Predikante

Geagte broers en susters

## CLS-SA NAVORSINGSOPNAME 2023/24

Die CLS-SA Navorsingsopname en die Kerkspieëlopnames wat in 2023 gedoen is, is ’n omvattende navorsingsprojek waarin die NHKA en die NGK saam met die Universiteit van die Vrystaat vennote is. Die waarde van hierdie navorsing is dat dit vir die Kerk en sy leierskap op verskillende vlakke ’n beeld gee van patrone en tendense in die kerk en deelnemende gemeentes. Die navorsingsprojek bestaan uit twee opnames: ’n ***Gemeente-opname*** en ’n ***erediensbywoner-opname****.*

Vanaf Februarie 2024 sal talle gemeentes aan hierdie projek deelneem. Die grootste waarde van die opname is dat dit betroubare en interpreteerbare data vir gemeentes se leierskap oplewer. Dit toets lidmate se ervaring en siening van die gemeentelewe, hul eie geloofslewe en sienings oor aktuele sake in die kerk en die land.

**Wil u dit nie oorweeg om deel te neem nie? U deelname kan ’n beduidende verskil maak aan die manier hoe u die gemeente bedien en lei, asook hoe die Kerk in sy breë haar bediening kan vervul.**

Die gemeente se leierskap kry waardevolle terugvoer oor die effektiwiteit en volhoubaarheid van die totale gemeentelike bediening. Dit gee ook ’n prentjie van die gemeente se gesondheid en lewenskragtigheid.

Die resultate sal u help om u eie vitaliteit, sterkpunte en leemtes te identifiseer. Dit gee ook vir u instrumente om die resultate te evalueer en prosesse om aan die hand daarvan te beplan.

Indien u gemeente tevore ’n opname gedoen het, en weer deelneem, kry u vergelykende data in hierdie verslag.

Hierdie is ’n belegging in die toekoms van u gemeente. Dit is waarom die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ook hul goedkeuring aan die projek verleen het en besluit het om die koste daarvan te dra vir alle deelnemende gemeentes (dié wat spesifiek geselekteer is as deel van ’n steekproef, sowel as die gemeentes wat self kies om die opnames te doen). Ons hoop dat u aan hierdie opname sal deelneem.

**Die proses moet asseblief afgehandel wees teen 31 Augustus 2024.**

Vir enige verdere navrae kan ds Frikkie van Wyk by 083 625 6788 of gfvanwyk@nhk.co.za, of dr Johan Bester by 082 455 1636 of JohanSGB@nhk.co.za, gekontak word.

Ons hoor graag van u!

**Ds GF van Wyk**
***NCLS-Kerkspieëlnavorsing***

083 625 6788
gfvanwyk@nhk.co.za

Namens **Dr FJ Labuschagne**
***Hoof: Sentrum vir Gemeentelike Bediening***

012 322 8885 x3101
frikkie@nhk.co.za